

## HOOFSTUK 5

### DIE ONTWIKKELING VAN MENS–DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE STUDIEVELD

#### 5.1. INLEIDING

Die ontwikkeling van 'n studieveld is 'n dinamiese en langtermynproses wat deur verskeie faktore beïnvloed word. Wilson (1998:xiii) vergelyk dit met die ontwikkelingsfases van die mens vanaf baba tot volwassene wat verskeie mylpale bereik. Belangstelling in 'n studieveld lei tot groter betrokkenheid by, en bewuswording van, die toepassingsmoontlikhede en benuttingwaarde van die kennis en vaardighede wat daarmee verbind kan word. Die ontwikkeling van 'n studieveld is dus nooit afgehandel nie, maar deurloop 'n proses waarin verskeie veranderlikes 'n rol speel. Die multidisziplinêre aard van mens–dierinteraksie as studieveld impliseer dat meer veranderlikes ter sprake is as by 'n studieveld waarvan die grense meer geslote is. Hierdie uniekheid kan 'n bedreiging vir die ontwikkelingsproses inhou, maar bied terselfdertyd 'n breër basis vir meting en teoriebou.

Die wetenskaplike ontwikkeling van 'n studieveld is afhanklik van die aard en omvang van navorsing wat onderneem word. Vir die studieveld mens–dierinteraksie was dit 'n stadige proses: “From anecdote to pilot study, the field developed increased interest and support from various other disciplines and arenas. From pilot study to experimental design and program evaluation, researchers began to challenge the knowledge base and to test more sophisticated hypotheses against specific conceptual frameworks and paradigms” (Wilson, 1998:xiii). Mens–dierinteraksie as studieveld het in die laaste dekade ontwikkel tot 'n dinamiese 'jong volwassene' wat reeds tot 'n groot mate bewys gelewer het van die potensiaal waartoe die studieveld in staat is, maar wat terselfdertyd oop is vir oortuiging en gereed is vir die uitdagings van die 21<sup>e</sup> eeu.

#### 5.2. WETENSKAPSONTWIKKELING

Die term 'wetenskap' is afgelei van die Latynse term 'scientia' of werkwoord 'scire' wat beteken 'om te weet'. Kockelmans (1979:15) omskryf wetenskap as: "...a body of knowledge that constitutes a harmonious whole of some kind, a system of interrelated insights in regard to a certain realm of phenomena, acquired through the critical application of methods on the basis of certain principles". Richards (1983:4) omskryf wetenskap as: "...both as a body of knowledge and as a method of enquiring about the world". Mouton (1996:16) is van mening dat wetenskap na twee onderskeie konsepte verwys, naamlik:

- ☛ 'n spesifieke korpus van kennis wat oor tyd heen ontwikkel het en wat sekere eienskappe het, byvoorbeeld geldigheid, interne samehang, verklaringswaarde en bruikbaarheid; en
- ☛ wetenskapsbeoefening wat na sekere aktiwiteite wat deur wetenskaplikes uitgevoer word, verwys.

Die term wetenskap word dus sinoniem gestel tot kennis of 'n 'body of knowledge', en die proses van kennisontwikkeling op 'n spesifieke gebied word na verwys as 'n dissipline (Kockelmans, 1979:16-17). 'n Dissipline is 'n onderdeel van 'n wetenskap. Die woord dissipline kan weer sinoniem gestel word tot 'n studieveld. Die multidisiplinêre ontwikkeling van 'n studieveld verwys dus na 'n proses van ontwikkeling waartoe verskillende dissiplines bygedra het en wat hom aanbied in 'n wetenskaplike 'body of knowledge' of korpus van kennis.

Vir 'n wetenskap om te ontwikkel moet daar volgens Richards (1983:28-29) aan sekere kriteria of beginsels voldoen word. 'n Wetenskap behoort:

- ☛ verklarings te bied vir verskynsels en gebeure van die verlede;
- ☛ voorspellings vir toekomstige gebeure te waag;
- ☛ navorsing te stimuleer deur die daarstel van riglyne vir die interpretering van resultate;
- ☛ navorsingsresultate te kommunikeer na buite;
- ☛ universeel toepaslik te wees, onafhanklik van tyd en plek; en

relevant te wees vir sowel teorie as praktyk.

Die ontwikkeling van 'n wetenskap is nie 'n liniêre proses wat beweeg vanaf 'n vlak van min kennis van die wêreld rondom ons na meer kennis, soos Hull (1988:26) dit voorstel nie. Wetenskapsontwikkeling is volgens Taylor (1996:208) 'n sikliese proses: "Science is a circular process of measurement and theory building producing a parsimonious and predictable picture of the field it addresses". Hierby sluit Stevenson & Byerly (1995:2) aan as hulle sê dat wetenskap nie maar net die insameling van data is nie, maar die deurlopende ontwikkeling en toetsing van hipoteses, teorieë en modelle om daardeur die wêreld om ons te probeer verstaan. Die ontwikkeling van 'n wetenskap is dus 'n dinamiese proses waartydens: "...theories can always be rejected, modified, or extended. A static collection of theories would be dead science" (Stevenson & Byerly, 1995:3). Wetenskapsontwikkeling kan dus nie 'n einddoel bereik nie, omdat antwoorde op wetenskaplike vrae weer net meer vrae stimuleer. Richards (1983:97) verwys hierna as die interne vitaliteit van 'n wetenskap en sê dat wetenskapsontwikkeling oor die vermoë beskik: "...to generate investigations of ever increasing scope and the potential for endless acceleration". Die korpus van kennis wat as vertrekpunt vir ontwikkeling gebruik word, word dus in die proses breër en meer kompleks.

Teenoor die interne vitaliteit van 'n wetenskap, staan die eksterne omgewing. 'n Wetenskap ontwikkel nie in isolasie nie. Die eksterne omgewing is die sisteem of konteks waarbinne wetenskapsontwikkeling plaasvind (Hull, 1988:14; Richards, 1983:1&97). Ontwikkeling kan enersyds gestrem word deur die omgewing waarbinne dit plaasvind, byvoorbeeld ekonomiese, sosiale of politieke druk, maar kan ook daardeur gestimuleer word: "The more the world came to be understood in scientific terms, the more the need there was for scientific education and the more was human progress seen as a function of scientific advancement" (Richards, 1983:97). Die 20<sup>e</sup> eeu was gekenmerk deur die waarde (soms vals waarde) wat die mens aan 'wetenskaplikheid' geheg het. Die term 'wetenskaplik' het 'n huishoudelike woord geword waaraan alles, van skoonheidsmiddels tot godsdienste, gemeet is. Druk vanuit die eksterne omgewing het die proses van wetenskapsontwikkeling vinnig, maar dalk onnatuurlik, aangehits. Richards (1983:4) maak die volgende voorspelling: "Given the burgeoning complexities of the modern world, it is only with an awareness of the broadest social dimensions of science and technology that the individual scientist may formulate a policy which can optimize the balance between man and the world he has to live in". Die 21<sup>e</sup> eeu sal hopelik weer 'n balans bring tussen die interne vitaliteit van, en eksterne druk op, wetenskapsontwikkeling.

Reeds in 1905 het Adolf Harnack (Swoboda, 1979:84) gesê dat wetenskap, kennis en interdisiplinariteit interafhanklik is en dat die ontwikkeling van kennis nie alleen spesialisasie binne dissiplines vereis nie, maar ook kruisbestuwing tussen dissiplines. Die voordeel van samewerking tussen wetenskaplikes word deur Chalmers (1982:99) gestel dat: "Faced with the same situation, not all scientists will reach the same decision or adopt the same strategy. This has the advantage that the number of strategies attempted will be multiplied. Risks are thus distributed through the scientific community, and the chances of some long-term success are increased". Of die behoefte dus is om die teoretiese onderbou van die studieveld te ontwikkel, of om die toepassing daarvan in praktyk uit te bou: "...this will best be achieved by way of a grasp of the situation and a mastery of the means available for changing it. This will typically involve co-operative action" (Chalmers, 1982:170). Stevenson & Byerly (1995:13) motiveer die samevoeging van wetenskaplike kennis en vaardighede soos volg: "The increasing rapid and complex growth of scientific and technological activity has resulted in an enterprise that today exhibits a very complex web of intellectual, technical, economic, and political relationships". Die studieveld van mens-dierinteraksie het tot dusver daarin geslaag om hierdie web van kennis deur middel van interdisiplinêre interaksies te vorm. Elk van die dissiplines betrokke beskik oor 'n eie gespesialiseerde en gevestigde kennisbasis. Uit hierdie korpusse van inligting, is kennis en insigte rakende mens-dierinteraksie geselekteer om 'n nuwe, selfstandige studieveld daar te stel.

Ontwikkelings in die studieveld mens-dierinteraksie is in die verlede dikwels gekritiseer vir die oorbeklemtone van navorsingsukses. Veral met betrekking tot die terapeutiese waarde van mens-dierinteraksie word daar, net soos in die geval van ander terapeutiese intervensies, die volgende gesê: "If a certain therapy has apparently worked for many people, we are easily impressed and tend to forget to ask how many people recover from such conditions without any treatment at all or with other sorts of therapy – or indeed, how many people have been made worse by the method in question" (Stevenson & Byerly, 1995:4). Net so min as wat die wetenskaplike ontwikkeling van 'n studieveld nie onderskat moet word nie, moet dit ook nie oorskakel word nie. Richards (1983:188) stem hiermee saam: "While science can no doubt tell us something about everything, it seemingly can never tell us everything we would like to know. Indeed, it is because science has little or nothing to say on just those questions which often seem the most important, that many people, including many practising scientists, turn to more traditional ways of finding meaning and fulfilment in their personal lives". Op die kritiek dat die effek van positiewe mens-dierinteraksie op die lewenskwaliteit van mense nie wetenskaplik bewys kan word nie, kan daar in die woorde van die moderne filosoof, Milan Kundera (1984:8) gereageer word: "...what can life be worth

if the first rehearsal for life is life itself?" As die lewe, en die interaksies wat met lewe gepaard gaan, dus as 'n eksperiment gesien word; is dit moontlik om die eksperiment, waarin die interaksies nie teenwoordig is nie, te herhaal? Die individuele belewenis of ervaring van mens–dierinteraksie is uniek en kan as sodanig nie met 'n kontrole getoets of herhaal word nie.

Mens–dierinteraksie kry nie eers waarde *nadat* dit die toets van wetenskaplikheid deurstaan het nie. Die waarde van die mens–dierband bestaan nie *as gevolg van* die argumente daarvoor nie, maar *ten spyte van* die argumente daarteen. Lewenskwaliteit hoef nie bewys te word om ervaar te word nie.

### 5.3. KRITERIA VIR DIE SELFSTANDIGHEID VAN 'N STUDIEVELD

Die uniekheid van die studieveld van mens–dierinteraksie is veral geleë in die multidisiplinêre aard daarvan. Die onderskeie dissiplines en die mate waarin hulle bydra tot die ontwikkeling van die studieveld is in Hoofstuk 2 bespreek. Odendaal (1989(a):169-172), Rowan (1994:2) en Rowan & Beck (1994:85) het vyf kriteria vir die selfstandige ontwikkeling en omskrywing van 'n studieveld geïdentifiseer. Die doel van Hoofstuk 5 is om die studieveld aan elk van hierdie kriteria naamlik wetenskaplike verenigings, internasionale kongresse, geakkrediteerde tydskrifte, akademiese onderrig, en navorsing te meet.

#### 5.3.1. WETENSKAPLIKE VERENIGINGS

In hierdie afdeling word die fokus geplaas op verenigings wat direk met mens–dierinteraksie as studieveld te make het, en waar die klem val op die interaksie tussen mense en geselskapsdiere tot voordeel van beide partye. 'n Groot aantal verenigings bestaan wêreldwyd ten opsigte van dierewelsyn asook die opleiding van geselskapsdiere, maar word vanweë hul omvang nie hierby gereken nie. Slegs enkele voorbeelde van organisasies word gelys om daardeur 'n oorsig te bied van die tipe organisasies wat bestaan en waar die inligting beskikbaar is, word hul doelstellings en werksaamhede beskryf.

Die belangrikste rolspeler op hierdie gebied is die International Association of Human-Animal Interaction Organizations (IAHAIO). Hierdie organisasie is in Kanada in 1990 gestig met die doel om as sambreelligaam vir alle nasionale verenigings en verwante organisasies, te make met mens–dierinteraksie, te dien. Suid-Afrika was een van die

stigerslede. In 1992 is die statute geteken om die organisasie te wettig. Die doelwitte van IAHAIO is:

- ☛ Om aan multinasionale organisasies 'n forum te bied vir die uitruil van idees en inligting ten opsigte van die studie en bevordering van die welsyn van mense en diere in hul omgewings.
- ☛ Om navorsing, opleiding en praktykontwikkeling te bevorder.
- ☛ Om internasionale byeenkomste ten opsigte van die wetenskaplike, opvoedkundige en praktiese aspekte van mens–dierinteraksie te ondersteun, fasiliteer en organiseer.
- ☛ Om publikasies wat die doelwitte en aktiwiteite van die vereniging ondersteun, te bevorder.

In 1992 was reeds 12 lande lede van IAHAIO. Om as lid van die internasionale organisasie te kwalifiseer, moet 'n nasionale organisasie daartoe ingestem word deur 'n meerderheid stem van bestaande lede. Die belangrikste kriteria is dat die organisasie die doelwitte van IAHAIO onderskryf en aktief bevorder. 'n Land mag slegs deur een nasionale organisasie of groep van organisasies verteenwoordig word. Benewens nasionale lede, is daar ook geassosieerde lede en geaffilieerde lede. Die volgende 19 organisasies is tans nasionale lede van IAHAIO (Podberscek, 1999:1):

- ☛ ARCA (Brasilië)
- ☛ Asociace zastáncu Odpovědného Vztahu k malým Zviratům (AOVZ) (Czech Republiek)
- ☛ Association Francaise d'Information et de Recherché sur l'Animal de Compagnie (AFIRAC) (Frankryk)
- ☛ Center for Humans and Animals in Society (Israel)
- ☛ Companion Animal Partnership Program (CAPP) (Japan)
- ☛ Consejo Mexicano Para Programas Humano-Animal (COMEPHA) (Mexiko)
- ☛ Delta Society (VSA, Kanada & Australië)

- ☛ Drustvo Za Odgovoren Odnos Do Malih Zivali (Slovenia)
- ☛ EMALKI, Research Institute of Human-Animal Relationship (Hongarye)
- ☛ Ethologia (België)
- ☛ Forschungskreis Heimtiere in der Gesellschaft (Duitsland)
- ☛ Human Animal Bond Association of Canada (HABAC)
- ☛ Institut für Interdisziplinäre erforschung der Mensch-Tier-Beziehung (IEMT) (Oostenryk en Switzerland)
- ☛ LJ & LJ Association for Research and Promotion of Pet's Role in Human Life (Kroasië)
- ☛ Manimalis (Swede)
- ☛ Multidisciplinary Research Institute on the Relation between Human and Animals (Nederland)
- ☛ Petcare Information and Advisory Services (Australië)
- ☛ PRPOA (Poland)
- ☛ Society for Companion Animal Studies (SCAS) (UK)

Nog 'n internasionale organisasie is ISAZ (International Society for Anthrozoology). Anthrozoology is die studie van mens–dierinteraksies en verhoudings. ISAZ is in 1991 gestig met die hoofdoel om navorsing op die gebied van mens–dierinteraksie op 'n multidisiplinêre basis te onderneem en te bevorder. Internasionale byeenkomste word op gereelde basis gehou. Lidmaatskap word bepaal deur die betrokkenheid by navorsing in die studieveld en aansoeke word deur hul uitvoerende raad oorweeg. Individue óf organisasies kan aansoek om lidmaatskap doen.

Vervolgens word gefokus op wetenskaplike verenigings soos gelys in die uitgawes van Interactions of Man and Animals, 1991; The Interactions Bibliography, 1992 – 1996 en

Humans & Other Species, 1997 –1999. Al hierdie is dieselfde bron, maar het sedert 1991 twee keer 'n naamsverandering ondergaan. Die doel met hierdie tydskrif is om as internasionale inligtingsbron of databasis van publikasies, organisasies, byeenkomste, navorsingsresultate en oudiovisuele materiaal oor die studieveld mens-dier interaksie te dien. Van die organisasies hieronder gelys is reeds hierbo genoem, maar meer inligting oor hul werksaamhede is in hierdie bron beskikbaar.

#### **5.3.1.1. VSA en Kanada**

##### **🐾 Delta Society**

Hierdie vereniging is in 1981 gestig en word beskou as die grootste en aktiefste vereniging van sy soort ter wêreld. Die missie van die Delta Society is om deur middel van geselskapsdiere die gesondheid, onafhanklikheid en lewenskwaliteit van mense te bevorder. Hulle doen dit deur die gemeenskap meer bewus te maak van die positiewe effek wat geselskapsdiere op gesondheid en ontwikkeling het, deur struikelblokke in die deelname van geselskapsdiere te verminder, deur mens–dierinteraksieprogramme te implementeer en deur die beskikbaarheid van goedopgeleide dienshonde te verseker. Hierdie vereniging bied 'n verskeidenheid internasionaal erkende opleidingskursusse in mens–dierinteraksie aan, onder andere drie kursusse in Animal-Assisted Therapy, vier Pet Partners kursusse en twee Service Animal kursusse. Hierbenewens publiseer hulle 'n groot verskeidenheid boeke, handleidings en videomateriaal oor die onderwerp, asook riglyne vir die implementering en standaardisering van mens–dierinteraksieprogramme.



- ❖ Center for Animals and Public Policy, Tufts School of Veterinary Medicine, North Grafton, MA.

Die doel van hierdie sentrum is veral om programme te koördineer wat te make het met etiese, wetlike, wetenskaplike en sosiale aspekte van diere in die gemeenskap. Die fokus is dus heelwat wyer as die studieveld van mens–dierinteraksie. Hulle doel is voorts om finansiële ondersteuning te bied aan programme ten opsigte van veteriniêre etiek en regs wetenskap, geselskapsdierbeheer en -demografie, etiek met betrekking tot navorsingsdiere, mens–dierinteraksie, beleidsake oor wilde diere en enige ander aspekte wat direk te make het met die verhouding tussen diere en die gemeenskap. Die volgende publikasies word gedoen: 'n Nuusbrief by name Alternatives Report, asook Animals in Society, waarin verslae van konferensies en werkwinkels opgeneem word.

- ❖ Center for Animals in Society, School of Veterinary Medicine, University of Pennsylvania. Hierdie sentrum fokus primêr op die opleiding van veeartsenykunde studente, die ontwikkeling van kursusse vir enige dissipline wat te make het met die mens–dierband en voortgesette opleiding van professionele persone in alle dissiplines betrokke by diere. 'n 'Pet Loss Support Hotline' word deur hulle bedryf en 'n nuusbrief word gepubliseer by name, Animal Imprints.

- ❖ People- Pet Partnership, College of Veterinary Medicine, Washington State University. Hierdie instelling is gestig in 1979. Die volgende programme word deur hulle bestuur: Pet Education Partnership, Partnership in Equine Therapy and Education, Companion Animal Partnership, Prison Pet Partnership en Pet Loss Partnership. 'n Nuusbrief, Partnership Report, word gepubliseer asook verskeie handleidings met betrekking tot die implementering van mens–dierinteraksieprogramme.

- ❖ Center for Applied Ethology and Human-Animal Interaction, School of Veterinary Medicine, Purdue University, West Lafayette.

Die doelwitte van hierdie sentrum is onder andere om interdisiplinêre aktiwiteite by die Universiteit te bevorder, 'n platform te bied vir die uitruil van nuwe idees en inligting met betrekking tot mens–dierinteraksie, die rol wat geselskapsdiere in mense se lewens speel duideliker te omlin, die objektiewe bestudering van dieregedrag en mens–dierinteraksie, navorsing te bevorder om die fisiologiese en psigologiese effek van mens–dierinteraksie uit te klaar, mens–dierinteraksie programme te dokumenteer, ontwerp en evalueer, opleidingsprogramme en kurrikulum te ontwikkel, as hulpbron te dien vir persone of instansies wat projekte wil inisieër. 'n Nuusbrief, Centerlines, word deur hulle gepubliseer.

- ❖ Human-Animal Bond in Tennessee (HABIT), Department of Veterinary Medicine, College of Veterinary Medicine, Knoxville.

Hierdie is 'n nie-winsgerigte onderneming bestaande uit vrywillige werkers, veeartse in privaatpraktyk, verteenwoordigers van die University of Tennessee College of Social Work en die College of Veterinary Medicine en ander belangstellendes in die gemeenskap. Hul doel is onder andere om mens–dierinteraksieprogramme te borg, vrywillige werkers op te lei en geselskapsdiere te assesser vir die doel.

- ❖ Human-Animal Bond in Colorado (HABIC), Department of Social Work, Colorado State University.

Hierdie is 'n gesamentlike projek van die departemente Maatskaplike Werk, Veeartsenykunde en Biomediese Wetenskappe. Hul hoofdoel is die opleiding van vrywilligers om mens–dierinteraksieprogramme in skole, versorgingsinrigtings en ander sentrums aan te bied.

- ❖ Shelby Cullom Davis Center, Department of History, Princeton Universiteit.

Die doel van die sentrum is om die sigbare ('material'), etiese en simboliese dimensies van die rol van diere in menslike kultuur te bestudeer.

- ❖ American Hippotherapy Association (AHA), Denver.

Hierdie vereniging is geïnkorporeer by die North American Riding for the Handicapped Association. Hul doel is die bevordering van opvoeding, navorsing en kommunikasie tussen fisio- en arbeidsterapeute en ander betrokkenes wat van hippoterapie gebruik maak. Hul beywer hulle daarvoor om as bron van inligting te dien, interdisiplinêre kommunikasie te bevorder, standaarde vir implementering en sertifisering daar te stel. Hul monitor ook wetgewing, versekering en gesondheidstendense wat hippoterapie beïnvloed en bevorder algemene bewustheid van die waarde van die terapie.

- ❖ Pets are wonderful support (PAWS), San Francisco.

Die hoofdoel van die organisasie is om ondersteuning aan HIV/VIGS pasiënte te bied. Hulle bied verder inligting ten opsigte van die voordele van geselskapsdiereienaarskap, tydelike versorging van geselskapsdiere in geval van hospitalisering van pasiënte, tuisversorging van diere, veeartsversorging en hervestiging van diere na afsterwe van die persoon.

- ❖ The Latham Foundation, Alameda.

Hierdie organisasie is reeds in 1918 gestig om respek vir alle lewe deur middel van opvoeding te bevorder. Hul hoofdoel is die bevordering van die welsyn van mense, diere en die omgewing deur middel van literatuur, oudiovisuele materiaal, dokumente en verslae, konferensies en die betrokkenheid by mens–dierinteraksieprogramme in die gemeenskap. 'n Kwartaallikse nuusbrieff, The Latham Letter, word gepubliseer.

- The American Association of Human–Animal Bond Veterinarians (AAHABV).

Die doel met die stigting van hierdie organisasie in 1993 is om veeartse op te voed oor die mens–dierband en hul betrokke te kry by navorsing in die studieveld en mens–dierinteraksieprogramme in die praktyk. 'n Nuusbrieff word uitgegee.

- Association for Pet Loss and Bereavement (APLB), New York.

Die doel van hierdie organisasie is om rouberaad en -begeleiding te bied asook om inligting hieroor te publiseer. 'n Kwartaallikse nuusbrieff, register van beraders wat hierin spesialiseer en databasis van relevante literatuur word beskikbaar gestel.

- Center for the Study of Human-Animal Interdependent Relationships, School of Veterinary Medicine, Tuskegee University.

Die sentrum is in 1998 gestig met die doel om belangstelling in positiewe mens–dierinteraksie te bevorder. 'n Multidisiplinêre benadering word gevolg om verskillende dissiplines byeen te bring en gesamentlike projekte te loods.

- Nature in Legend and Story (NILAS).

Hierdie is 'n multidisiplinêre groep wat hul beywer daarvoor om deur middel van stories, digkuns, legendes, prente en ander kultuurprodukte beter begrip vir die mens se verhouding tot die natuurlike wêreld te ontwikkel. Sedert 1989 word 'n jaarlikse konferensie oor relevante onderwerpe gehou. 'n Nuusbrieff met dieselfde naam word uitgegee.

- The Association for the Study of Literature and the Environment (ASLE).

Die doel van hierdie organisasie is die bevordering van die uitruil van kennis, idees en inligting tussen dissiplines rakende die verhouding tussen mense en die natuurlike omgewing. 'n Nuusbrieff Interdisciplinary Studies in Literature and Environment (ISLE) word gepubliseer.

- People, Animals, Nature, Inc. (PAN), Princeton.

Die missie van PAN is om 'n instituut daar te stel wat opleiding bied en opvoedkundige materiaal versprei oor die positiewe effek wat die natuur en diere op die gesondheid van die mens het. Hulle volg 'n holistiese, multidisiplinêre benadering. 'n Nuusbrief word uitgegee.

- International Dolphin-Assisted Therapy and Research Association (IDATRA), Fort Myers. Die doelwitte van hierdie organisasie is om as kontrolemechanisme vir die korrekte inligting met betrekking tot dolfyngefasiliteerde terapie op te tree, om as gemeenskapsreekbuis rakende politieke kwessies hieroor te dien, om gestandaardiseerde navorsing en bevindings in die veld te fasiliteer, en om 'n jaarlikse internasionale simposium te organiseer.

'n Organisasie wat in 2000 in die VSA gestig is en wat nog nie in bogenoemde verwysingsbronne opgeneem is nie, is:

- Ethologists for the Ethical Treatment of Animals (EETA). Die doelwitte van hierdie organisasie word soos volg omskryf: "...to develop and maintain the highest of ethical standards in comparative ethological research that is conducted in the field and in the laboratory,...(and)...to use the latest developments from research in cognitive ethology and on animal sentience to inform discussion and debate about the practical implications of available data and for the ongoing development of policy" (Anthrozoös, News & Analyses, 2000: 118).

### 5.3.1.2. Frankryk

- L'Homme et L'Animal, Société de Recherche Interdisciplinaire (HASRI). Hierdie vereniging is in Januarie 1984 gestig. Hul doelstelling is om kontak en samewerking tussen alle wetenskaplike dissiplines, wat te make het met die geskiedenis en evolusie van die verhouding tussen mense en diere, te bevorder. 'n Bulletin, Anthropozoologica, word gepubliseer met die doel om as 'n interdisiplinêre forum te dien vir enige dissipline wat geïnteresseerd in mens–dier interaksie is.
- Association Francaise d'Information et de Recherche sur l'Animal de Compagnie (AFIRAC). AFIRAC is in 1977 gestig. Hulle is aktief betrokke in die volgende vier afdelings:
  - multidisiplinêre navorsing ten opsigte van die mens–dierband;
  - opvoedingsprogramme in skole;

- verspreiding van inligting deur middel van persverklarings, omsendskrywes, verslae, 'n nuusbrieff, hulpbronsentrum en videoteek; en
- 'n 'geselskapsdiere in stede' langtermynprojek.

#### **5.3.1.3. Switzerland**

- ☛ Centre d'Etudes sur les Relations entre l'Animal et l'Homme/ Center for the study of Human-Animal Relations.

Die doelwitte van hierdie sentrum is om navorsingsprojekte te loods, om as konsultante vir navorsingsprojekte op te tree, om 'n databank van inligting rakende mens-dierinteraksie te hou en om deur middel van publikasies, konferensies, lesings ensomeer inligting te versprei.

- ☛ Institut für angewandte Ethologie und Tierpsychologie (IEMT)/ Institute for General Ethology and Animal Psychology.

IEMT is in 1977 gestig. Die hoofdoel van die instituut is om kennis rakende mens-dierinteraksie te bekom en toe te pas in die praktyk. Die instituut dien ook as bron van inligting aan geselskapsdiereienaars om daardeur die welsyn van diere te bevorder. 'n Multidisiplinêre advieskomitee ondersteun en bevorder wetenskaplike navorsing in die studieveld. Skoolprogramme, aktiewe mediaskakeling, samewerkingsooreenkomste met veeartse, skakeling met owerhede, konsultasie vir die implementering van geselskapsdierprogramme en internasionale skakeling is die belangrikste aksies wat geloods word.

#### **5.3.1.4. Nederland**

- ☛ Multidisciplinary Research Institute on the Relation between Humans and Animals, Department of Clinical Sciences of Companion Animals, University of Utrecht.

#### **5.3.1.5. Duitsland**

- ☛ Arbeitsgruppe Tierverhaltenstherapie, Neuenhagen.

Hierdie multidisiplinêre werkgroep, gestig in 1992, fokus op dieregedrag, maar beywer hulle vir die samewerking tussen dissiplines op die gebied om daardeur die welsyn van diere, asook positiewe mens-dierinteraksie te bevorder. 'n Nuusbrieff word gepubliseer en riglyne vir minimum standarde vir opleiding en teling word gestel.

#### **5.3.1.6. België**

- ☛ Ethologia, Brussels.

Hierdie organisasie is in 1989 gestig en beywer hulle vir die wetenskaplike ontwikkeling van die studieveld deur navorsing, ondersteuning van referate en simposiums. Hulle beskik oor 'n databank van meer as 2000 boeke en artikels. Hul projekte fokus op drie teikengroepe, naamlik die media, skole en staatsdepartemente met die oog op opvoeding van die gemeenskap ten opsigte van positiewe mens–dierinteraksie.

#### **5.3.1.7. Brittanje en Skotland**

- 📌 Anthrozoology Institute, Department of Biology, University of Southampton.

Die instituut is gestig met die doel om fundamentele navorsing te doen oor die basis van die mens–diervershoudings en die welsyn van geselskapsdiere.

- 📌 Animal Welfare & Human-Animal Interactions Group, Department of Clinical Veterinary Medicine, University of Cambridge.

Hierdie vereniging is betrokke by studies oor wildediere, diere in dieretuine, laboratorium- en huisdiere. Studies fokus op bevordering van welsyn van diere en die voor- en nadele van mens–dierinteraksie.

- 📌 Society for Companion Animal Studies , Scotland.

Die SCAS is in 1979 gestig onder leiding van 'n groep psigiaters, sielkundiges, maatskaplike werkers en veeartse. Die doelstellings van hierdie vereniging is om begrip vir die verhouding tussen mense en geselskapsdiere te bevorder, om inligting rakende mens–dierinteraksie te versprei, navorsing te onderneem en om die lewenskwaliteit van mense en geselskapsdiere te bevorder deur positiewe houdingsverandering. Die SCAS Journal word kwartaalliks gepubliseer.

#### **5.3.1.8. Italië**

- 📌 Società Italiana Scienze Comportamentali Applicate (SISCA)/ Italian Society for Applied Behavioural Sciences.

Sisca is 'n multidisiplinêre organisasie wat in 1996 gestig is. Hul doelwitte is om multidisiplinêre navorsing te onderneem en te ondersteun, multidisiplinêre projekte aan te bied, opleiding te bied en inligting te versprei oor die studieveld.

#### **5.3.1.9. Ander**

Ander organisasies gelys, maar waaroor geen verdere inligting beskikbaar is nie:

- 📌 Israel: Center for Humans & Animals in Society, Tel Aviv University.

- ☛ Poland: Polish Responsible Pet Owner Association (PRPOA)
- ☛ VSA North American Riding for the Handicapped Association (NARHA), Denver.
- ☛ Kanada: Human-Animal Bond Association of Canada (HABAC), Ontario.
- ☛ VSA: Center for the Study of Human-Animal Relationships and the Environment, University of Minnesota
- ☛ VSA: Human- Animal Relationships Research Focus Group, University of California.
- ☛ VSA: Human-Companion Animal Interaction, Virginia-Maryland Regional College of Veterinary Medicine
- ☛ VSA: Animal Therapy Association (ATA), Tucson.

#### 5.3.1.10. Suid-Afrika

- ☛ Human–Animal Interaction Group (HAIG), voorheen bekend as die Human Animal Contact Study Group (HACSG).

Die studiegroep is in 1984 onder leiding van Prof Johannes Odendaal gestig. Die doelwitte van die studiegroep is om:

- die psigologiese en fisiologiese rol van mens–dierinteraksie op multidisiplinêre vlak te ondersoek;
- die voordele en nadele van mens-dierinteraksie teen mekaar op te weeg; en om
- die kennis beskikbaar te stel en toe te pas in die praktyk.

'n Tydskrif, The Companion; The SA Journal of Human-Animal Interaction, is tot einde 1999 kwartaalliks gepubliseer, maar is vervang met 'n nuusbrief, InContact . Die missie van die groep is: “To enhance the role and value of human–animal interaction on all levels of society and within all relevant disciplines”. Vanweë finansiële oorwegings was die groep genoodsaak om in 1998 afstand te doen van internasionale lidmaatskap aan IAHAIO.

- ☛ Animal Behaviour and Interaction Group (ABIG) of the SA Veterinary Association.  
Die missie van hierdie organisasie is om die studieveld van dieregedrag en mens–dierinteraksie onder die veeartsprofessie te bevorder. Hul doelwitte is om:
  - 'n gespreksforum daar te stel vir debat en bespreking ten opsigte van dieregedrag en mens-dier interaksie;

- deel te neem aan navorsing en opleidingsprogramme in die studieveld;
- die publiek op te voed oor die onderwerpe;
- beter begrip vir geselskapsdiere deur eienaars en hanteerders te ontwikkel;
- die profiel van veeartse met betrekking tot dieregedrag te verbeter; en
- deel te neem aan mens–dierinteraksieprogramme en dit te bevorder.

☛ Paws for People, Gauteng.

Hierdie is 'n groep vrywilligers van verskillende dissiplines wat besoekprogramme aan siek en gestremde persone benut om daardeur die lewenskwaliteit van hierdie teikengroepe te bevorder.

Slegs 47 verenigings is hierbo gelys. Dit bied nie 'n volledige databasis van al die organisasies te make met mens–dierinteraksie nie. Uit hierdie data kom wel belangrike inligting rakende die omvang van die studieveld na vore naamlik:

- ☛ Mens–dierinteraksie is 'n studieveld wat internasionaal erken word. Alhoewel die meeste organisasies in die VSA funksioneer, is die voorkoms in meeste ander lande goed verteenwoordig.
- ☛ Die doelwitte van die organisasies stem tot 'n groot mate ooreen. Bevordering van die studieveld deur middel van byeenkomste, navorsing en publikasies is 'n sentrale tema.
- ☛ Die multidisiplinêre aard van die organisasies blyk duidelik uit sowel die name as die doelstellings van die organisasies.
- ☛ Sowat een derde van die organisasies is verbonde aan, of is gestig deur die inisiatief van 'n akademiese departement aan 'n tersiêre inrigting. Departemente van Veeartsenykunde word die beste verteenwoordig.

### 5.3.2. INTERNASIONALE KONGRESSE

Alhoewel daar reeds in die sewentigerjare kleiner internasionale, wetenskaplike byeenkomste in die studieveld plaasgevind het, het die eerste multidisiplinêre wêreldkongres in 1980 plaasgevind. Hierdie multidisiplinêre byeenkoms was gereël deur die British Small Animal Veterinary Association en was getiteld: The human-companion animal bond (Odendaal, 1988:15). Vanaf 1980 is 8 wêreldkongresse gehou wat spesifiek



gehandel het oor die studieveld mens-dier interaksie. Die temas van hierdie kongresse was soos volg :

- 📌 1980 (Verenigde Koninkryk): The human-companion animal bond.
- 📌 1981 (VSA): New perspectives on our lives with companion animals.
- 📌 1983 (Oostenryk): The human-pet relationship.
- 📌 1986 (Boston): Living together: People, animals and environment.
- 📌 1989 (Monaco): The relationship between humans and animals.
- 📌 1992 (Montreal): Animals and Us.
- 📌 1995 (Genève): Animals, health and quality of life.
- 📌 1998 (Praag): The changing roles of animals in society.

Die volgende wêreldkongres word gehou in Rio de Janeiro, Suid-Amerika in September 2001. Die tema van die kongres is: People and Animals: A global perspective for the 21<sup>st</sup> century.

By die mees onlangse wêreldkongres in Praag, is 42 lande verteenwoordig, 64 referate is gelewer, 46 plakkaatvoorstellings is gemaak, ses gesamentlike besprekings is gehou en ses sessies oor spesiaalgeselekteerde onderwerpe, altesaam dus 122 voordragte. Agthonderd afgevaardigdes, verteenwoordigend van verskillende dissiplines, het die kongres bygewoon. Dit is die eerste wêreldkongres oor mens–dierinteraksie wat in Oos-Europa gehou is. Die feit dat die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) as die medeborg van die kongres toegetree het, beklemtoon die internasionale status van die studieveld en die erkenning van mens–dierinteraksie ten opsigte van die gesondheid van alle gemeenskappe.

Die multidisiplinêre aard van die wêreldkongresse het 'n hoogtepunt in 1998 bereik. Die titels van die 122 voordragte kan nie almal sondermeer onder een van die dissiplines wat in Hoofstuk 2 bespreek is, ingedeel word nie. Van die referate se inhoud reflekteer meer as een dissipline, veral ten opsigte van maatskaplike werk en sielkunde, asook sielkunde en

opvoedkunde. Dissiplines die hoogste verteenwoordiging, afgelei uit die titels van die referate, is:

- ☛ Sielkunde en maatskaplike werk – 21 elk
- ☛ Opvoedkunde en veeartsenykunde –14 elk
- ☛ Geneeskunde (waarby fisiologie ingereken kan word) – 13
- ☛ Antropologie – 9
- ☛ Psigiatrie – 7
- ☛ Arbeidsterapie, regte, sosiologie, teologie, omgewingsbestuur, publieke gesondheid en verpleegkunde kan elk aan sowat 3-4 titels gekoppel word.
- ☛ Ander dissiplines wat verteenwoordig word deur hoogstens 1 titel is fisioterapie, kriminologie, argeologie en rekreasiekunde.

Dissiplines wat nie verteenwoordig word nie is argitektuur, bemarking, filosofie, joernalistiek, kuns en kommunikasiepatologie. Kruisverteenwoordiging vind ook plaas deurdat 'n titel soos terapeutiese perdry sowel vir die arbeidsterapeut as die fisioterapeut en sielkundige van toepassing kan wees. Die rol van geselskapsdiere in versorgingsinrigtings vir bejaardes is relevant vir onder andere die maatskaplike werker, verpleegkundige en arbeidsterapeut. Die veranderende rol van geselskapsdiere in verskillende gemeenskappe is weer van belang vir die antropoloog, sosioloog en sosiaal-sielkundige. Geen van die titels kan dus met oortuiging aan slegs een dissipline gekoppel word nie en moet bogenoemde indeling versigtig geïnterpreteer word. Die belangrikste afleiding wat gemaak kan word, is dat die laaste internasionale kongres oor mens–dierinteraksie, multidisiplinêr verteenwoordig was en dat die grootste verteenwoordiging uit Kategorie B kom (Hoofstuk 4, Figuur 3).

### **5.3.3 WETENSKAPLIKE PUBLIKASIES**

Die omvang en kwaliteit van publikasies gaan ook deur 'n proses van ontwikkeling. Hierdie ontwikkeling word nie net deur die tendense en behoeftes van die tyd gedikteer nie, maar ook deur 'n verskuiwing in die soort navorsing wat onderneem word. Wilson (1998:xiii) maak

die volgende waarneming: “Researchers began to publish conceptual models to elicit responses from colleagues and as a means of generating new data and new perspectives; studies became more sophisticated in their approach to assessment of health benefits for both normal and impaired populations”. Wetenskaplike publikasies in die studieveld van mens–dierinteraksie is dus afhanklik van die omvang en kwaliteit van die navorsing en die uiteindelijke bruikbaarheid en toepasbaarheid van die resultate.

Wetenskaplike artikels is nie beperk tot publikasies in tydskrifte wat spesifiek fokus op die studieveld van mens–dierinteraksie nie, maar word ook opgeneem in tydskrifte van die ander geïdentifiseerde dissiplines (dissiplines wat in Hoofstuk 2 bespreek is). Barba (1995:10) het in haar ondersoek na die aard en omvang van navorsing vir die tydperk 1988 - 1993 die volgende tydskrifte geïdentifiseer waarin navorsingsresultate oor mens-dier interaksie gepubliseer is:

Anthrozoös, Psychological Reports, International Journal of Ageing & Human Development, Advances in Nursing Science, American Journal of Occupational Therapy, Archives of Psychiatric Nursing, Journal of Behavioural Medicine, Journal of Mental Health Counseling, Journal of Nervous & Mental Disorders, Journal of Personality & Social Behaviour, Journal of Social Psychology, Medical Journal of Australia, Nursing Science Quarterly, Social Behaviour & Personality.

Twee-en-sestig persent van die artikels in genoemde bron was in Anthrozoös gepubliseer wat bevestig dat Anthrozoös die publikasie is wat tot dusver die grootste bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld gelewer het.

‘n Opname deur Rowan (1995:131) ten opsigte van publikasies in die studieveld het bevind dat een derde daarvan deur veeartsenykunde verteenwoordig word, een derde deur sielkunde en een derde deur psigiatrie. Die inligtingshulpbron Humans & Other Species, indekseer die volgende publikasies:

Anthrozoös, Ethnozooteknie, Society & Animals, Animal Issues, Animal Law, Animal Welfare, Anthropolozologica, Applied Animal Behaviour Science, Between the Species, Companion, Interactions, Journal of Agricultural & Environmental Ethics, Journal of Applied Animal Welfare Science, The Latham Letter, SCAS Journal, Scientific Journal of Therapeutic Riding en Wildlife Society Bulletin.

Ander tydskrifte wat uit die literatuurnavorsing vir Hoofstukke 2 en 3 geïdentifiseer is, kan by bogenoemde lys gevoeg word:

Bulletin on Veterinary Clinical Ethology, The Shape of Enrichment, UC Alert, Journal of the American Veterinary Association, Journal of Gerontological Social Work, Marriage and Family Review, Journal of Comprehensive Health, Child and Adolescent Social Work Journal, Journal of Social Issues, Journal of the South African Veterinary Association, Journal of Applied Animal Welfare Science, en Scientific and Educational Journal of Therapeutic Riding.

Enkele van bogenoemde tydskrifte word vervolgens kortliks toegelig om die multidisiplinêre aard daarvan te illustreer:

- ❖ **Anthrozoös: A Multidisciplinary Journal of the Interactions of People and Animals:**  
Hierdie is die mees omvattende en belangrikste wetenskaplike publikasie in die studieveld. Hierdie tydskrif word sedert 1987 onder leiding van die Delta Society in die VSA gepubliseer, en is deur ISAZ aan die einde van 2000 oorgeneem. Die tydskrif publiseer internasionale navorsingsresultate, nuus en inligting rakende ander publikasies op die gebied van mens-dierinteraksie. Dit is die wetenskaplike tydskrif wat mens-dierinteraksie as multidisiplinêre studieveld die beste verteenwoordig.
- ❖ **Humans & Other Species (voorheen The Interactions Bibliography).**  
Hierdie is 'n inligtingshulpbron vir alle dissiplines wat te make het met mens-dierinteraksie. Inligting oor gepubliseerde artikels, boeke, navorsingsverslae, oudiovisuele materiaal en resensies word volgens 39 onderwerpe geïndekseer. Veertien van die dissiplines in Hoofstuk 2 geïdentifiseer, word deur hierdie onderwerpe verteenwoordig.
- ❖ **The Shape of Enrichment.**  
Die eerste uitgawe van hierdie tydskrif het verskyn in September 1992. Die tydskrif word gewy aan die deel van idees, inspirasies en praktiese kennis van die omgewing en gedragsverrykingstrategieë in die veld van dierewelsyn. Die fokus is om tegnieke en benaderings met die oog op verryking van die studieveld uit te ruil.
- ❖ **UC ALERT: Animals in Education, Research and Teaching.**  
Hierdie tydskrif word gepubliseer deur die University of California Center for Animal Alternatives, School of Veterinary Medicine. Die wetenskaplike en akademiese fokus van

die studieveld word gereflekteer in die twee prioriteitsareas, naamlik opleiding en navorsing.

📌 Society & Animals.

Hierdie bron publiseer studies wat die interaksie tussen mense en geselskapsdiere beskryf en analiseer. Die doel van die tydskrif is om sosiaal wetenskaplike studies ten opsigte van die rol van die diere in die lewe van mense te ondersteun en te stimuleer.

📌 Animal Issues.

Hierdie tydskrif word sedert 1997 deur die Departement Algemene Filosofie, Universiteit van Sydney gepubliseer. Die doel van hierdie tydskrif is om filosofiese en etiese kwessies rakende mens–dierinteraksie te ondersoek.

Altesaam 46 publikasies is hierbo geïdentifiseer. Indien dit, bloot op grond van hul titels aan dissiplines gekoppel word, kan die volgende indeling gemaak word:

📌 Veeartsenykunde – 9

📌 Sielkunde – 5

📌 Maatskaplike werk – 5

📌 Psigiatrie – 4

📌 Filosofie – 4

📌 Geneeskunde – 3

📌 Verpleegkunde – 3

📌 Omgewingsbestuur – 3

📌 Arbeidsterapie en Fisioterapie – 2

📌 Regte – 1

📌 Nie 'n spesifieke dissipline (dws multidisiplinêr) – 7

Alhoewel hierdie 'n subjektiewe passing van titels teenoor dissiplines is, kan daar wel 'n paar afleidings gemaak word, naamlik:

- ☛ Verskillende dissiplines publiseer in die studieveld mens–dierinteraksie.
- ☛ Veeartsenykunde, sielkunde en maatskaplike werk lewer die grootste bydrae.
- ☛ Sielkunde en maatskaplike werk kan ook saamgroepeer word (10) omdat menslike gedrag, denke en gevoel vir albei dissiplines tydens hulpverlening van toepassing is.
- ☛ Sielkunde en psigiatrie kan ook saamgroepeer word (9).
- ☛ Indien bogenoemde saamgroepering plaasvind, ondersteun dit die bevindings van Rowan (1995:131).
- ☛ Indien die mediese- en paramediese dissiplines egter saamgroepeer word, maak hierdie die grootste groep uit (11).
- ☛ Die meeste publikasies word deur Kategorie B (Hoofstuk 4, Figuur 3) verteenwoordig.
- ☛ Publikasies oor mens–dierinteraksie oorskry die grens tussen sosiale wetenskappe en natuurwetenskappe.

'n Groot aantal ander nie-wetenskaplike publikasies, in die vorm van tydskrifte, nuusbriewe en joernale wat spesifiek te make het met die studieveld van mens–dierinteraksie, is ook beskikbaar. Hierdie publikasies spruit meestal voort uit die werksaamhede van spesifieke professionele verenigings.

#### **5.3.4. AKADEMIESE ONDERRIG**

Die ontwikkeling van 'n studieveld reflekteer noodwendig in die opleidingsstelsel omdat dit aanleiding gee tot nuwe konsepte en metodes wat op hul beurt weer neerslag vind in ander lesings, studiemateriaal, laboratoriums en begeleide praktykinoefening. Die mate waarin hierdie integrasieproses plaasvind sal egter bepaal word deur die akademië betrokke by onderrig en ontwikkeling. Indien 'n nuwe studieveld as 'n bedreiging vir eie kennis en

vaardighede beleef word, en nie as 'n korpus van kennis waarmee die eie verryk en verruim kan word nie, sal kurrikula staties bly. Akademiese onderrig en navorsing is onderling afhanklik van mekaar. Indien navorsing oor 'n spesifieke studieveld ontwikkel, die belangstelling van akademiëers wek en sekere behoeftes in die gemeenskap aanspreek, sal dit sonder twyfel gou reflekteer in die kurrikulum van toepaslike dissiplines. Kurrikulum verwys na: "...an academic plan that is developed in a historical, social, and political context" (Stark & Lattuca, 1997:374).

Die konteks waarbinne 'n studieveld ontwikkel, sal bepalend wees vir die aard en omvang van die spesifieke kurrikulumontwikkeling. 'n Akademiese plan bestaan uit agt elemente, naamlik doel, inhoud, volgorde, profiel van die leerders, onderrigprosesse, onderrighulpbronne en -hulpmiddels, evaluering en aanpassing of verandering (Stark & Lattuca, 1997:10). Die integrering en ontwikkeling van 'n studieveld in 'n nuwe akademiese plan verg dus doelgerigte besluitneming, beplanning en motivering en is nie altyd 'n spontane proses nie. Al bogenoemde elemente kan beïnvloed word deur persoonlike-, historiese-, sosiale-, politieke- en ook omgewingsfaktore. Vir die ontwikkeling van 'n multidisiplinêre akademiese plan stel Chen (1986:185) die volgende voorvereistes:

- ☛ 'n basiese kennis van die teorie en praktyk van kurrikulumontwikkeling;
- ☛ interdisiplinêre navorsingsmetodologie en analitiese metodes;
- ☛ in-diepte kennis van geselekteerde dissiplines en 'n vermoë om hierdie kennis effektief te kombineer;
- ☛ bedrewenheid en ondervinding ten opsigte van interdisiplinêre samewerking in 'n spesifieke area; en
- ☛ blootstelling aan knelpunte en aksies buite 'n eie spesialisveld.

Kavaloski (1979:224-225) stel die voordele van 'n multidisiplinêre kurrikulum as:

- ☛ integrering van kennis - multidisiplinêre opleiding bied aan die leerder 'n geïntegreerde leerervaring wat hom in staat stel om verskynsels vanuit 'n holistiese perspektief te interpreteer;

- vryheid van ondersoek - die grense van ondersoek word verskuif wat die leerder in staat stel om idees, temas en probleme met 'n wyehoeklens waar te neem; en
- innovasie - multidisiplinariteit bevorder paradigma skuiwe.

Veranderings in die makro-omgewing, bring veranderings in die behoeftes en gedrag van mense en diere, en dus ook nuwe probleme, na vore. Een van die belangrikste motiverings vir en redes vir die sukses van multidisiplinêre samewerking is volgens Sussman (1986:vii): “...a clear view of the intellectual terrain it should encompass and the vision to keep abreast of necessary changes...” ‘n Duidelike visie van wat deur middel van multidisiplinêre samewerking op die gebied van mens–dierinteraksie bereik wil word, asook ‘n ooreenstemmende konseptuele raamwerk, is ‘n belangrike voorvereiste vir die ontwerp van ‘n multidisiplinêre kurrikulum. Erickson (1998:106) verwys hierna as ‘n konseptuele lens: “A content-based, integrated curriculum requires a conceptual lens to draw thinking above the disciplines. The goal of an integrated curriculum should be ‘integrated thinking’ – seeing the patterns and connections of knowledge at a conceptual and transferable level of understanding”.

Nuwe dissiplines ontwikkel ook omdat daar ‘n behoefte ontstaan na nuwe en innoverende metodes van probleemoplossing. Interdisiplinêre benaderings tot probleemoplossing kry al meer gestalte in die akademie omdat die kompleksiteit van hedendaagse problematiek ‘n holistiese benadering vereis. Alhoewel multidisiplinêre benaderings meestal op gevorderde vlakke van onderrig en navorsing voorkom, word die waarde daarvan op voorgraadse vlak deur Stark & Lattuca (1997:355) gestel as dat: “...undergraduate curriculum have developed interdisciplinary courses and programs to achieve four goals: to decrease early specialization, to ensure some common learning, to appeal to student interests, and to engage students in research and problem solving”. Wat wel uit hul ondersoek geblyk het, is dat die sosiale wetenskappe meer suksesvol in die bereiking van hierdie doelwitte as die natuurwetenskappe was.

Die daarstel van minimum standaarde binne die studieveld van mens–dierinteraksie, vir sowel akademiese onderrig as praktykmodelle, word deur Hines & Fredrickson (1998:35) bepleit. Terselfdertyd bestaan begrip daarvoor dat die stel van standaarde juis gekompliseer word deur die multidisiplinêre aard van die studieveld. Multidisiplinêre samewerking is ‘n kultuur wat geskep moet word deur middel van opleidingsgeleenthede wat ook terselfdertyd geleentheid bied vir die standaardisering van programme en uitbouing van die studieveld. Die doel met standaardisering in die studieveld van mens–dierinteraksie behoort te wees om



aan die individuele spanlede die geleentheid te bied: “...to contribute his or her expertise and to participate in the process that will improve the quality of life for individuals who rely on service animals” (Duncan, 1998:264). Die behoefte aan gestandaardiseerde, multidisiplinêre opleiding word deur Hines & Fredrickson (1998:29) veral ten opsigte van die gesondheidsorgprofessies uitgespreek: “Nurses, physical and occupational therapists, and other health care professionals require methodology-based training on techniques of AAT”. Duncan (1998:264) het 'n wyer perspektief en sluit die volgende dissiplines in: “...experts on training, animal behaviour and welfare, public health and safety, health care and social service providers, educators”. Verskeie metodes van opleiding is hier ter sprake, onder andere formele akademiese onderrig, indiensopleidingsgeleenthede en nasionale en internasionale seminare en werkwinkels.

Vanuit die perspektief van die welsyn van diere, kan daar volgens Duncan (1998:261-264) wel gestreef word na die volgende beleid en standaarde deur almal betrokke by die opleiding en ontwikkeling van mens–dierinteraksieprogramme:

- ☛ toeganklike, geldige, menslike en verstaanbare leeromgewing;
- ☛ 'n geldige akkreditasie sisteem;
- ☛ verkryging van 'n lisensie op grond van 'n bevoegdheidstoets en geografiese area van praktisering;
- ☛ goed omskryfde regulasies ten opsigte van aanspreeklikheid;
- ☛ duidelike riglyne ten opsigte van opleiding en hantering van geselskapsdiere;
- ☛ konsekwente beleidsvoorskrifte wat dieselfde terminologie en omskrywings gebruik;
- ☛ betroubare navorsingsresultate;
- ☛ standhoudende bronne van finansiële ondersteuning; en
- ☛ verstaanbare en deurlopende opleidingsprogramme aan alle rolspelers.

Die mate waarin mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld in akademiese onderrig 'n rol speel, kan ook afgelei word uit die feit dat internasionale institute, sentrums en

---

verenigings vir die bevordering van die studieveld meestal aan 'n spesifieke akademiese instelling gekoppel is. (Vergelyk 5.3.) Instellings soos hierdie begin meestal op klein skaal met die hulp van 'n groepie belangstellendes uit verskillende departemente of fakulteite wat saamgroepeer in 'n koördinerende komitee of gespreksforum. Daar word egter teen 'n te los struktuur gewaarsku, omdat so 'n komitee nie noodwendig oor voldoende besluitnemingsmag beskik om byvoorbeeld kurrikula te beïnvloed nie: “These loose types of organizational structures may account for the failure of many interdisciplinary ideas to move from the screening stage to the adoption stage. Increased interest in building interdisciplinary departments, rather than promoting ambiguous program structures, will signal greater internalization of this curriculum change” (Stark & Lattuca, 1997:356). Indien daar egter binne 'n sisteem nog geen bestaande model vir die ontwikkeling van 'n multidisiplinêre kurrikulum in mens–dierinteraksie is nie, is die daarstelling van 'n gespreksforum, wat later 'n meer formele formaat kan aanneem, die aangewese vertrekpunt. Almal moet eers deur dieselfde *konseptuele lens* kyk voordat 'n kurrikulum deur 'n span saamgestel word.

Volgens Brown & Tebay (1999:12) behoort die volgende vrae gevra te word voordat 'n kursus in mens–dierinteraksie (in dié geval met verwysing na terapeutiese perdry) by 'n universiteitsprogram geïnkorporeer word:

- ☛ Wie is gekwalifiseer om die kursus aan te bied?
- ☛ Oor watter spesifieke kwalifikasies moet hierdie “kundiges” beskik en aan watter standarde behoort hulle te voldoen?
- ☛ Watter opleidingsmateriaal behoort gebruik te word?
- ☛ In watter dissipline sal die kursus aangebied word?
- ☛ Watter vorm van eksaminering sal toepaslik wees?
- ☛ Watter kwalifikasie sal verdien word? Sal hierdie kwalifikasie internasionaal erken word?

Enkele riglyne vir 'n multidisiplinêre mens–dierinteraksieprogram word deur Renker & Fredrickson (1998:1) voorgehou. Hulle verdeel die kurrikulum in basiese vereistes en addisionele vereistes. Die basiese vereistes is dat die program:

- ☛ deur gevestigde, nasionaal erkende professionele persone aangebied word;
- ☛ aan nasionale standaarde of kriteria vir terapeutiese intervensie voldoen;
- ☛ die nuutste teksboeke, artikels, navorsingsresultate en oudiovisuele materiaal beskikbaar stel;
- ☛ die mees resente intervensiemetodes en –tegnieke onderrig;
- ☛ geleentheid bied vir inter-aktiewe leersituasies, ervaringsleer en laboratoriumsituasies;
- ☛ geleentheid bied vir praktyktoepassing onder supervisiebegeleiding; en
- ☛ erkenning bied deur die toekenning van 'n sertifikaat van 'n nasionaal erkende organisasie.

Addisionele vereistes is:

- ☛ geleentheid tot interdisiplinêre opleiding;
- ☛ toegang tot 'n professionele mentor wat oor 'n nasionale kwalifikasie beskik;
- ☛ geleentheid tot internskap aan inrigtings wat aan die minimum vereistes of akkreditasie voldoen;
- ☛ navorsings- en publikasie geleenthede;
- ☛ geleenthede tot internasionale opleiding;
- ☛ geleentheid tot die ontwikkeling van 'n professionele portefeulje; en
- ☛ voorbereiding vir voortgesette tersiêre opleiding.

Tebay (1998:135) lig slegs 7 van bogenoemde kriteria uit naamlik:

- ☛ aktiewe, eksperimentele leergeleenthede;

- ☞ interdisiplinêre vakkeuses;
- ☞ 'n mentorstelsel;
- ☞ internskap ervaring na afloop van die basiese kursus;
- ☞ professionele portefeulje ontwikkeling;
- ☞ navorsing of onafhanklike in-diepte studie; en
- ☞ nasionale sertifisering.

Die volgende kurrikulum vir 'n voortgesette opleidingsprogram in mens–dierinteraksie is deur Turner, Frick-Tanner, Tanner-Frick & Käser (1998:134) voorgehou:

- ☞ die program word deelyds (na-ure) oor 'n periode van 2 jaar aangebied;
- ☞ twee vlakke van onderrig is beskikbaar; een vir professionele beraders en een vir vrywillige werkers betrokke by inrigtings, maar sekere modules word gesamentlik aangebied;
- ☞ toelatingsvereistes vir beide groepe word vasgestel;
- ☞ dosente en supervisors moet oor spesifieke kwalifikasies en ondervinding in die temas waarin hulle onderrig en begeleiding bied, beskik;
- ☞ die program behels sowel 'n teoretiese- as praktiese komponent (70 ure);
- ☞ waarneming van mens–dierinteraksieprogramme in praktyk word onder supervisiebegeleiding gedoen (ten minste 12 ure);
- ☞ vir die professionele beraders vind deurlopende assessering plaas;
- ☞ in die gevorderde fase vir professionele beraders word intervensie onder supervisiebegeleiding gedoen (18 ure);

- albei groepe voltooi 'n literatuurstudie oor 'n gepaste onderwerp en 'n projekvoorlegging (ten minste 100 ure); en
- 'n sertifikaat word na suksesvolle afhandeling toegeken.

Die volgende temas word in hierdie program gedek:

Inleiding tot die studieveld van mens–dierinteraksie, oorsig van sielkundige teorieë maar veral ontwikkelingsielkunde, oorsig van die simptome van sielkundige afwykings, neuroses en psigopatologie, etologie van mens–dierinteraksies, diere as bron van sosiale ondersteuning, dierewelsyn, etiese oorwegings, risiko bestuur, effektiewe kommunikasie en organisering van programme in inrigtingsverband. Terapeutiese perdry, die terapeutiese gebruik van plaasdiere, spesiale behoeftes en probleme van bejaardes, kinders en adolessente, persone met fisiese en psigiese gestremdhede, substansafhanklikheid en persone onderhewig aan korrektiewe dienste word ook gedek.

In Suid-Afrika is die eerste leerstoel in Geselskapsdiersoötegnologie en -voeding, aan die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria, ingestel met die doel om die rol van geselskapsdiere in die gemeenskap vanuit 'n veterinêre oogpunt te bestudeer (Odendaal, 1988:19). Die module oor mens–dierinteraksie wat in hierdie kursus aangebied word, sluit die volgende temas in:

- mens–dierinteraksie in praktyk;
- die verlies van 'n geselskapsdier;
- dierewelsyn; en
- etiek.

Sedert 1990 word mens–dierinteraksie as selfstandige module aan nagraadse studente in die kursusse Spel terapie en Gesondheidsorg aan die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria aangebied. Die volgende temas word in die kurrikulum gedek:

- die ontstaan, ontwikkeling en omvang van die studieveld mens–dierinteraksie;
- die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van geselskapsdiere;

- etiese kwessies rakende mens–dierinteraksie;
- die rol van geselskapsdiere in die onderskeie diensterreine van maatskaplike werk;
- onderskeie modelle van intervensie;
- die rol van die multidisiplinêre span; en
- riglyne vir die implementering van mens–dierinteraksieprogramme.

Vanaf Januarie 2001 word 'n kortkursus in diergefasiliteerde aktiwiteite ('Animal-Assited Activities') deur Ethology Consultancy in samewerking met die Technikon Pretoria aangebied. Hierdie kursus betaan uit die volgende modules:

- 'n Teoretiese agtergrond;
- die helpende verhouding;
- begrip vir diere ('Understanding Animals');
- bekendstelling aan bestaande programme in Suid Afrika; en
- die implementering van 'n program.

### 5.3.5. NAVORSING

Die multidisiplinêre aard van die studieveld bied veral moontlikhede in 'n tyd waarin spesialisasie dreig om navorsers hul perspektief te laat verloor. Navorsing in die studieveld van mens–dierinteraksie was sedert die ontstaan daarvan holisties en nuwe dissiplines het deurgaans toegetreë (Odendaal, 1988:19). Hierdie ontwikkeling het enersyds die studieveld bevorder, maar het ook leemtes uitgelig.

Multidisiplinêre navorsing word deur Lovas & Vyroost (1996:223) omskryf as: “...a type of research in which different perspectives related to scientific disciplines are applied and unified for the study of specific problems” en deur Zajac (1996:99) as: “...a type of research

performed by the participation of two or more existing disciplines. The decision to be made is whether or not the outcome of this integration is a new research field". Gasparíková *et al.* (1996:7) sien die doel van multidisiplinêre navorsing as: "...to create new branches of knowledge..." en: "...to see the confirmation of continuity with previous knowledge..." Kavaloski (1979:225) lê weer meer klem op die voordeel van multidisiplinêre navorsing: "Since the overwhelming preponderance of intellectual investigation and research is done within separate disciplines, with consequently far less effort expended in looking at the intersections of the disciplines, it seems plausible that there is greater opportunity for fresh knowledge to emerge from integrated inquiry and making connections between disciplines".

Multidisiplinêre navorsing in die hierdie studieveld kan dus gesien word as boublokke in die proses van wetenskapsontwikkeling. Bestaande kennis en vaardighede vanuit verskillende dissiplines word dus oor tyd geselekteer om 'n nuwe konseptuele raamwerk te vorm. Die teoretiese onderbou van 'n studieveld bepaal die grondreëls of vertrekpunt vir die verklaring van verskynsels en vir die toepassing van kennis en vaardighede in die praktyk. Volgens Wilson (1998:xiii) moet daar nog vir mens-dierinteraksie as studieveld 'n eie teoretiese onderbou gedefiniëer word: "Still growing and developing as a discipline, HAI research has yet to define its own theory base and methodologies. Yet the growing maturity of the field is manifested by the obvious attention to the need for strong conceptual frameworks and meticulously applied methodologies". Die navorsingsuitdaging is dus nie net geleë in goed ontwerpte studies of positiewe resultate nie; dit is reeds bereik. Die uitdaging is: "...whether we can now build a scientific literature that has a unified theory base that allows evaluation of the impact and the process of the human-animal interaction in a wide variety of samples" (Wilson, 1994:22).

Teoretiese vertrekpunte hang nou saam met die keuse van navorsingmetodologie. Gasparíková *et al.* (1996:9) is van mening dat 'n navorsingsbenadering nie ontwikkel kan word voordat die volgende twee basiese teoretiese vrae nie beantwoord is nie, naamlik: "What are we asking for? This determines the question: How do we interpret the results?" Die studieveld van mens-dierinteraksie kan reeds hierdie vrae beantwoord. Die navorsingvraag is nie meer of positiewe mens-dierinteraksie die lewenskwaliteit van sekere teikengroepe bevorder, terapeutiese en ontwikkelingswaarde het of multidisiplinêr van aard is nie. Hierdie vrae is reeds deur navorsing van die afgelope dekade beantwoord. Hierdie drie komponente; lewenskwaliteit, terapeutiese- en ontwikkelingswaarde en multidisiplinariteit kan as teoretiese vertrekpunte vir voortgesette navorsing dien. Waarna vra ons? : *Hoe, waar en wanneer word mens-dier interaksie programme benut? Hoe word die resultate geïnterpreteer? : Vanuit 'n multidisiplinêre raamwerk.*

Die multidissiplinêre aard van navorsing in die studieveld veroorsaak dat grense tussen navorsingsmetodes verskuif word: "...studies in the companion animal field often cross boundaries between traditional academic and professional disciplines, and call for a mix of methodologies that are likely to go beyond the expertise of any particular area " (Nicholson & Podberscek, 1994:3). Ook Chen (1986:184) beklemtoon die belangrikheid van 'n kombinasie van navorsingsmetodes, maar Francis (1988:278) is van mening dat multidissiplinêre navorsing slegs in 'n toegepaste vorm uitgevoer kan word: "...its multidisciplinary nature being perceived when a receiver decodes and integrates the findings of the research venture in the context of a specific educational setting". Om net navorsingsbevindings vanuit 'n spesifieke dissipline toe pas op 'n volgende dissipline kan nie as multidissiplinêre navorsing beskou word nie. Multidissiplinêre navorsing vind alleen plaas as navorsers vanuit verskillende dissiplines die navorsingsproses saam beplan en deurloop en die resultate vanuit 'n multidissiplinêre raamwerk interpreteer.

Kennis van 'n studieveld spruit egter nie net voort uit formele navorsing nie. Die bydrae wat praktykkennis en -ervaring lewer tot die ontwikkeling van 'n studieveld, asook die bydrae wat dit lewer tot die stimulering van navorsing moet nie uit die oog verloor word nie. Die studieveld van mens–dierinteraksie leen hom veral hiertoe: "Contributions to our knowledge in the field of companion animal studies come from both those with practical 'hands on' experience of working with animals and their owners, and from academic researchers who strive to illuminate the patterns and trends in the behaviour of the different species and the nature of their relationship with us" (Nicholson, 1996:4). Daar is egter 'n verskil in die benaderings van akademië en praktisyns. Dikwels word dieselfde onderwerp om verskillende redes bestudeer en ook deur middel van verskillende terminologië omskryf. Kompetisie tussen navorsers en praktisyns hou 'n verdere bedreiging vir die studieveld in. 'n Paradoks bestaan daarin dat praktisyns resultate ervaar in die toepassing van mens–dierinteraksieprogramme en hierdie programme al meer implementeer, terwyl navorsers nie dieselfde mate van sukses ervaar nie. Sevais (1999:5) maak die volgende opmerking hieroor: "Either practitioners are victims of illusions – they see more than what really happens – or researchers are blind to essential things which escape their scientific methods". Die gevaar bestaan dat kennis in hierdie studieveld in verskillende rigtings kan ontwikkel wat 'n bedreiging vir die selfstandigheid daarvan inhou: "If indeed the pathways develop separately, then it is unlikely that we will ever have an independent discipline of companion animal studies..." (Sevais, 1999:5).



Om op die gebied van navorsing in hierdie studieveld vooruit te gaan is teorie en praktyk dus interafhanklik van mekaar: “The experience of practitioners is a wasted resource if it is not developed into testable hypotheses, and the theories of academics are irrelevant if they have no application in practice” (Nicholson, 1996:5). Praktisyne kan ook waardevolle navorsingsbydraes lewer deur databasisse op te stel in die vorm van gevallestudies (Hines&Fredrickson, 1998:36). Kritiese evaluering van navorsingsresultate en aksies ter verbetering daarop, is dus die verantwoordelikheid van sowel navorsers as praktisyne (Barba, 1995:14). Die multidisiplinêre aard van die studieveld en die dikwels nie-komplementêre verhouding tussen teorie en praktyk kan met ander woorde sowel die sterk punt as die leemte in die verdere ontwikkeling van die studieveld wees. Teorie en praktyk word gereflekteer in navorsing en projekte wat in 'n interaktiewe verhouding tot mekaar behoort te staan. Navorsers en praktisyne is dus interafhanklik van mekaar en behoort saam te werk om mens–dierinteraksieprogramme op 'n meer wetenskaplike basis te implementeer en om nie rigied te wees in die beoordeling van suksesse in die praktyk nie.

Die sterk punte en leemtes in navorsing oor mens–dierinteraksie in die laaste dekade word deur verskeie navorsers uitgewys. Garrity & Stallones (1998:19) kom tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot navorsing oor die afgelope twee dekades:

- ☛ die voordele van kontak met geselskapsdiere wat deur middel van navorsing oor die afgelope twee dekades uitgewys is, het oor die algemeen konsekwent gebly;
- ☛ voordele op sowel sielkundige-, fisiese-, sosiale- as gedragsvlakke is uitgewys;
- ☛ die voordele van interaksie is onderhewig aan sekere omstandighede en identifisering van hierdie omstandighede behoort 'n belangriker komponent van toekomstige navorsing uit te maak; en
- ☛ mens–dierinteraksie hou direkte voordele vir die mens in en dien ook as buffer vir bedreigende lewensomstandighede.

Barba (1995:9-14) het ondersoek ingestel na die aard en omvang van navorsing vir die tydperk 1988 - 1993 en het onder andere bevind dat sekere teikengroepe onderverteenwoordig word in die keuse van populasies, naamlik persone in landelike omgewings, persone in hul middeljare, adolessente en geïnstusionaliseerde bejaardes. Ander leemtes in navorsing vir die tydperk 1988 - 1993 wat deur haar uitgewys word, is 'n tekort aan steekproefgroottes wat op wiskundige berekenings en kragveldanalises

gebasseer is, teoretiese raamwerke en die betroubaarheid en geldigheid van sommige van die meetinstrumente. Hierdie leemtes in navorsingsprosedures is waarskynlik universeel en nie net van toepassing op navorsing in die studieveld van mens–dierinteraksie nie.

Vir die wetenskaplike ontwikkeling van die studieveld is dit belangrik om ten alle tye objektiwiteit te behou en beperkings te erken. Van die leemtes in navorsing oor mens–dierinteraksie wat deur Rowan & Beck (1994:87) gestel word is: “...a better appreciation of the diseases and injuries that are or might be associated with animal interactions as well as more data on the problems of human psychological dependence on companion animals, for example, excessive grief responses on the death of a companion animal and the accumulation of large numbers of companion animals to the point where they constitute a threat to animal and human welfare”. Ook Garrity & Stallones (1998:7-8) beskou dit as 'n leemte in navorsing dat aandag nie gegee word aan die moontlike negatiewe effek van mens–dierinteraksie nie: “Pets may be seen as increasing the problems of life, however rather than alleviating them; animal bites and allergens have received attention in the literature and do have obvious effects on human well-being. Research in this area would profit from attempts to clarify pet support effects in positive and negative directions”.

Nog 'n leemte in mens–dierinteraksie navorsing word deur Wilson & Turner (1998:60) uitgewys: “A longtime weakness of HAI research has been its propensity to create instruments for each study, rather than use previously constructed tools that would allow aggregation and eventually norming of data to occur”. Voldoende meetinstrumente, wat spesifiek ontwerp en in meeste gevalle gestandaardiseer is, bestaan, wat deur navorsers gebruik kan word. Bestaande meetinstrumente kan eerder aangepas word of verder ontwikkel word om nuwe hipoteses en navorsingsvrae te ondersoek. Die benutting van reeds bestaande meetinstrumente behoort ook die koste verbonde aan navorsing te verminder.

Navorsingsbefondsing is 'n belangrike ondersteuningsmeganisme en blyk een van die groot leemtes in die ontwikkeling van die studieveld te wees: “Continued and, perhaps, expanded support from industrial sources and opportunistic inclusion in governmentally sponsored projects may provide the engine that will move researchers forward more rapidly in this enterprise” (Garrity & Stallones, 1998:19).

In die studie gedoen deur Barba (1995:10-11) is bevind dat ongeveer 60% van die navorsing nie deur enige vorm van befondsing ondersteun word nie en wat volgens Rowan (1995:130) 'n ernstige stremming plaas op die ontwikkeling van die studieveld. Finansiële voordeel word

wel getrek uit die populariteit van hierdie studieveld by die media en algemene publiek. Wetenskaplike bevindings word dikwels 'vertaal' in populêre taal wat groeiende belangstelling wek: “Scientific information summarized in lay language fed the growing public interest in anything to do with pets. Broad public awareness of these studies encouraged funding from the pet food industry and other sources for further studies” (Hines & Fredrickson, 1998:24).

Die probleem met betrekking tot navorsing in hierdie veld is egter dat dit relatief duur is vanweë die tipe navorsing waaraan daar 'n behoefte is en die grootte van potensiële studiepopulasies (Beck & Meyers, 1996:254). Multidisiplinêre navorsing is egter op die oomblik 'n belangrike prioriteit in Suid-Afrika, en is deur die NRF (2000:2) as een van die fokusareas vir navorsing geïdentifiseer. Dit is dus moontlik dat befondsing hiervoor in die toekoms meer geredelik beskikbaar sal wees. In dieselfde verklaring deur die NRF (2000:3) word gesondheid, welsyn ('well-being') en lewenskwaliteit as potensiële fokusareas vermeld. Die studieveld van mens–dierinteraksie hou met al drie genoemde fokusareas verband.

#### 5.4. SAMEVATTING

Die wetenskaplike ontwikkeling van 'n studieveld deurloop 'n proses van evolusie waarvan die ontstaan altyd debatteerbaar is. Indien die ontstaan van mens–dierinteraksie as studieveld aan publikasies gekoppel word, sal Konrad Z Lorenz, 'n Oostenrykse Nobelpryswenner wat in die vyftigerjare die veld oorheers het, waarskynlik die eer kry. Indien die doelbewuste toepassing en opskrifstelling van mens–dierinteraksieprogramme egter as vertrekpunt gebruik word, sal Boris Levinson, 'n psigiater van New York, wat in die sestigerjare na vore getree het, as die pionier in die studieveld beskryf word (Odendaal, 1988:4&9). Die proses het sedert dié tydperke, danksy navorsing, publikasies, wetenskaplike verenigings, internasionale kongresse en akademiese onderrig, momentum gekry. Tot watter mate die studieveld verder gaan ontwikkel, en tot watter mate die aard en omvang daarvan gaan verander, sal net die tyd leer.

Tans geniet mens–dierinteraksie op 'n multidisiplinêre vlak internasionale erkenning. Dit blyk dat die multidisiplinêre aard daarvan juis een van die sterk punte van hierdie studieveld is, omdat wetenskaplike kennis vanuit verskillende verwysingsraamwerke 'n unieke korpus van kennis daargestel het. 'n Multidisiplinêre benadering ten opsigte van die toepassing van 'n wetenskap, om daardeur nuwe tegnologie vir die aanspreek van gemeenskapsbehoefte daar te stel, het 'n sinergistiese effek. Vanuit die

wetenskapsfilosofie word 'wetenskaplikheid' dikwels bevraagteken. Die doel van die filosofie is juis om vrae te vra, en nie om antwoorde te bied nie. Hierdie bevraagtekening, ook ten opsigte van 'n studieveld, moet as 'n uitdaging gesien word. Vraagstelling stimuleer ontwikkeling deurdat daar vanuit verskillende uitgangspunte op die vrae reageer word, wat weer verdere vrae stimuleer en so word die evolusieproses aangehelp.

Gemeet aan die kriteria vir selfstandigheid, blyk dit dat mens-dierinteraksie as studieveld tot 'n baie groot mate in die toets slaag. Meer as 47 wetenskaplike verenigings is geïdentifiseer waarvan die doelwitte tot 'n groot mate ooreenstem en wat hulself as multidissiplinêre verenigings beskryf. Hierdie verenigings word internasionaal verteenwoordig deur 21 lande. Sedert 1980 het daar agt wêreldkongresse plaasgevind. Die multidissiplinêre aard van die byeenkomste het stelselmatig ontwikkel en het 'n hoogtepunt bereik tydens die laaste kongres in 1998 waar ten minste 19 dissiplines deur referaatonderwerpe gedek is. Publikasies in hierdie veld is omvangryk. Nie minder nie as 44 wetenskaplike tydskrifte, wat ongeveer 10 dissiplines verteenwoordig, is geïdentifiseer. Hierdie is almal geakkrediteerde tydskrifte wat aan minimum standaarde vir publikasie voldoen. Die tydskrif wat hom egter in wetenskaplike geledere gevestig het as die multidissiplinêre verteenwoordiger van die studieveld, is ongetwyfeld die *Anthrozoös*. Ten spyte van die klem wat in die literatuur gelê word op die noodsaaklikheid van multidissiplinêre opleiding en kurrikulumontwikkeling, word die grootste leemte in hierdie area geïdentifiseer. Alhoewel die studieveld aan al die vereistes vir 'n multidissiplinêre akademiese plan, soos deur Chen (1986:185) voorgestel voldoen, kom mens-dierinteraksie as selfstandige studieveld nog nie in die kurrikula van die onderskeie dissiplines tot sy reg nie. Voldoende praktiese en teoretiese riglyne bestaan om akademiese instellings in staat te stel om hierdie programme te implementeer.

Navorsing in die studieveld het in die afgelope dekade 'n hoogtepunt bereik. Voldoende teoretiese raamwerke en praktykmodelle bestaan om as vertrekpunte vir voortgesette navorsing te dien. Die uitdaging wat gestel word, is om van nou af hierdie vertrekpunte te benut om multidissiplinêre navorsingsprogramme aan te pak. Indien die behoeftes van 'n veranderende lewensomgewing hierdeur aangespreek word, sal navorsingsbefondsing ook gestimuleer word. Die grootste uitdaging wat ten opsigte van navorsing in hierdie studieveld gestel kan word, is dat navorsers en praktisyns 'n positiewer houding ten opsigte van samewerking sal openbaar en hul kennis en vaardighede saamvoeg om navorsingsprojekte te onderneem. Kritiese evaluering van navorsingsprosedures en -resultate, en daarmee saam aksies om dit te verbeter, behoort ook meer aandag te kry.

Belangrike mylpale is reeds bereik in die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld. Die proses kan egter nie hier ten einde loop nie. Wetenskaplike verenigings kan net bly voortbestaan indien hulle hul gestelde doelwitte uitleef. Internasionale kongresse en byeenkomste kan alleen plaasvind indien navorsing aan minimum standarde voldoen en tred hou met 'n veranderende makrosisteem. Wetenskaplike publikasies is op hul beurt afhanklik van navorsing, terwyl akademiese onderrig die basis vorm vir die opleiding in navorsingsmetodologie en stimulering van navorsingsvrae. Hierdie vyf kriteria is dus interafhanklik van mekaar en behoort in totaliteit binne 'n strategie vir die bevordering van die studieveld aangespreek te word.

In die volgende hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek weergegee en breedvoerig bespreek.